LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 22
20 Julie 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018
Regverdig

Ons spring weg met ‘n vol kwartaal waarin elke Volkskie besig en bedrywig gaan wees. Ons fokus egter steeds op die bou van goeie karakter wat so noodsaaklik is vir elke mens op sy/haar toekomspad.

Regverdigheid is die nuwe pilaar waarop ons hierdie kwartaal gaan fokus. Die oranje hamertjies sal ons herinner dat regverdigheid ‘n omgewingkep waarin leerders wil saamwerk, probleem oplos, hulle self kan geniet, met ander oor die weg kom en ook veilig en geborge voel.
Daar gaan weer oranje sleutelhouers te koop wees teen R 5 by Juffrou van Heerden op Maandag, 24 Julie. Kom ondersteun gerus die kankerfonds en die Beskermde Werkplek.
Ons moedig die leerders aan om al 6 sleutelhouers te koop. Ons gaan kyk aan die einde van die jaar wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van regverdigheid?

‘n Regverdige persoon:

1. Maak beurte en **deel.**
2. Behandel almal **regverdig**.
3. Trek niemand **voor** nie.
4. **Bevoordeel** nie hulself nie.
5. Is **onpartydig**.
6. Is **onbevooroordeeld**.

Kom ons bou saam aan ‘n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

BEGIN VAN DERDE KWARTAAL
Ek vertrou dat almal ‘n heerlike wintervakansie geniet het. Sterkte vir die kwartaal met al die bedrywighede.

Baie welkom aan al die nuwe gesinne wat hierdie kwartaal by ons aangesluit het. Ons vertrou dat u gou sal inskakel en tuis sal voel. Indien daar enige onduidelikhede is, kontak gerus die kantoor.

Ons is trots op ons leerders wat tydens die vakansie aan sporttoernooie of die Landsdienskamp deelgeneem het. Dankie dat julle Volkskool se naam hoog gehou het.

HUIS EYBERS
Ons gebede gaan aan mnr Mannetjie Kemp wat in die hospitaal is. Baie sterkte vir hulle.

NUWE GRAAD 6 ONDERWYSERES
Baie welkom aan mej Inari Janse van Vuuren wat by ons aangesluit het. Ons vertrou dat sy gou by die skool sal inskakel en deel sal wees van die personeel.

AFLOSPERSONEEL
Baie welkom aan mev Anna Conradie wat uithelp vir die kwartaal in die plek van mev Sparrius wat met kraamverlof is. Baie dankie vir haar bereidwilligheid.

SPORT TEEN STULTING
Baie dankie aan al die ouers wat sop en brood geskenk het vir die sportdag teen Stulting. Die OOV waardeer jul bydraes.

INTERSKOLE PROMOSIE
Daar is VOLKSKOOL BUFFS @ R70 en RUGSAKKIES @ R50 by die Klerewinkel beskikbaar vir leerders en ondersteuners! Leerders mag die buffs op sportdae by hul skoolsweetpak dra.

INTERSKOLE BEPLANNING
Dit is vanjaar Laer Volkskool se beurt om Interskole aan te bied! Die OOV hou **Maandag, 23 Julie om 13h00** 'n Interskole-vergadering in die Kewertjie. ALLE ouers wat belangstel om te help of insette te lewer is baie welkom om die vergadering by te woon. 'n Werksverdeling sal Maandag gedoen word.

KAROO EISTEDDFOD
Ons vestig ouers wat leerders ingeskryf het vir die Karoo Eisteddfod in De Aar net weer op die inligting wat verskyn op die termyn program. Hoewel die datum vir die kunsfees 13- 17 Augustus is, sal Volkskool slegs op een van die bogenoemde dae aan die voordrag items deelneem. Die datum vir Volkskool se deelname sal teen 8 Augustus op die laatste bevestig word. Alle visuele kuns word beoordeel deur die loop van daardie week en dit is dus nie nodig vir die kunsleerlinge om teenwoordig te wees by die Eisteddfod nie.

OUEROGGEND- EN AAND OP 23 JULIE 2018 OM 07:30 – 08:00 EN 17:30 – 19:00.

SPORT

UITSLAE VAN UNION FESTIVAL – 22 – 25 Junie 2018

LVS O.13A RUGBY

Grey	wen	22 – 19
Muir	wen	35 - 25
Westering	wen	42 - 0

HOKKIE

Collegiate	gelykop	0 - 0
Komga	wen	2 – 0
De Hoop	verloor	0 - 8
Erica	gelykop	0 – 0
Westering	verloor	0 - 5

o.11 RUGBYTOER
Negentien o.11 seuns het aan die einde van verlede kwartaal in Jeffreysbaai aan die Aloe Cup rugbytoernooi deelgeneem. Die seuns het drie wedstryde gespeel en die tellings was as volg:

Verloor 20 – 10 teen Jeffreys Laerskool. Die seuns het teruggeveg. Hul halftyd telling was 15 – 0.
Die seuns het hul beste gegee teen Sunridge Laerskool, maar het ongelukkig 42 – 5 verloor.
Hul derde wedstryd was teen Stulting. Die halftyd telling was 24 – 7. Die span het teruggeveg en uiteindelik 26 – 24 gewen. Hierdie wedstryd was die perfekte afsluiting vir die toer!

Die seuns kon tussendeur ook spanbou aktiwiteite saam doen.

TENNIS

Ruan van der Merwe het die Junie vakansie aan die Inter Pro- tennis in George deelgeneem. Daar was 3 provinsies wat deelgeneem het aan die toernooi. Noord- Kaap het 1ste ge-eindig, O.P 2de en SWD 3de. Ruan was ook die enigste O.P tennis speler wat al sy enkels sowel as gemengde dubbles gewen het. Baie trots op jou Ruan. Mooi gespeel.

CRADOCK SPORTPROGRAM – 21 JULIE 2018

RUGBY - HVS

A-veld		B-veld		C-veld	
09:00	o.11A	09:00	o.13B	09:00	o.7A (10man)
09:50	o.15A	10:00	o.11B	09:00	o.8A (10man)
10:50	o.13A	10:50	o.14A	09:35	o.9A
11:50	o.16A				
12:50	2DE				
14:00	1STE				

NETBAL - HVS

Baan 1		Baan 2		Baan 3	
09:00	o.14A	09:00	o.13A	10:00	o.7A
09:35	o.16B	09:35	o.11A	10:25	o.8A
10:10	o.14B	10:10	o.13B	10:50	o.10A
11:00	2DE	11:00	o.11B	11:15	o.9A
11:35	o.16A	11:35	o.13C	11:40	o.10B
12:15	o.19A				

HOKKIE - HVS

09:00	o.7A	o.8A
09:30	o.9A	o10A
10:00	2DE	
11:00	o.13B	
12:20	o.13A	

HOKKIE – UHS Astro

09:00	o.16
10:00	1 STE

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag.

Psalm 23:1-3

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803